higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

30 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 G
2.2 A
2.3 I
2.4 J
2.5 E
2.6 C
2.7 K
2.8 B
2.9 F
2.10 D

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1
- Keur wetsontwerpe goed
- Verwys wetsontwerpe terug vir oorweging
- Roep kabinetsvergaderings byeen
- Stel kommissies van ondersoek en ambassadeurs aan
- Verwys geskille wat in die Parlement voorkom na die Konstitusionele Hof of ander geskikte instelling
- Aanstelling en erkenning van diplomatieke beamptes
- Onderhandeling en ondertekening van internasionale ooreenkomste
- Afkondiging van referendums
- Begenadig oortreders
- Aanstelling van adjunkpresident en kabinetslede
- Ontslag van adjunkpresident en ministers
- Bestuur van die kabinet
- Formulering en uitvoering van beleide van die nasionale regering
- Toewysing van funksies aan uitvoerende adjunkpresident (Enige 6 × 2) (12)

3.2
- Die Nasionale Vergadering bestaan uit 400 lede.
- 200 setels word toegewys op grond van die nasionale verkiesing volgens die persentasie stemme van elke party
- 200 setels word toegewys aan die onderskeie provinsies, soos volg:

Gauteng: 43
KwaZulu-Natal: 40
Oos-Kaap: 28
Wes-Kaap: 21
Limpopo: 20
Vrystaat: 15
Noordwes: 15
Mpumalanga: 14
Noord-Kaap: 4

- ’n Speaker word verkies uit lede en dien as voorsitter van die Nasionale Vergadering.
- Elke politieke party kies 'n leier vir die Nasionale Vergadering, bekend as die hoofsweep.
- Elke politieke party kan bykomende swepe kies volgens die verhouding van 1 sweep vir elke 8.69 lede.
- Politieke partye wat te klein is om 'n sweep te hê, kan vergaderings van die sweep bywoon.
- Meerderheidsparty kan 'n adjunksweep aanstel.
- Hulle word elke 5 jaar verkies. (Enige 6 × 2) (12)

3.3
- Suid-Afrikaanse burger
- Bevoeg om in die algemene verkiesings te stem
- Moet 'n eed of plegtige verklaring aflê om hul pligte uit te voer (3 × 2) (6)

3.4
- Genees die verdeeldheid van die verlede en skep 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en basiese menseregte.
- Vestig die grondslag vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin staatsbestuur gegrond is op die wil van die mense en elke burger in gelyke mate deur die reg beskerm word.
- Verbeter die lewensgehalte van alle burgers en bevry die potensiaal van alle mense.
- Bepaal die verwantskap tussen burgers en die regeringsinstellings.
- Bou 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat in staat is om sy regmatige plek as soewereine staat in die familie van nasies in te neem.
- Dien as 'n stelsel van basiese beginsels en reëls waarvolgens die land bestuur moet word.
- Dit sit ook die bevoegdhede uiteen waarvolgens regeringsinstellings kan regeer. (Enige 5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 4

4.1
- Volgens proporsionele verteenwoordiging is daar 'n regstreekse verhouding tussen die ondersteuning wat elke politieke party in die verkiesing geniet, en die aantal setels wat daardie party in die Parlement ontvang.✓✓
- As 'n party 70% van die stemme in die nasionale verkiesing behaal, behoort hulle 70% setels in die Nasionale Vergadering te ontvang.✓

(2 × verduideliking 1 × voorbeeld) (3)

4.2 4.2.1
- Bestaan uit 30-100 lede
- Verkies op proporsionele grondslag in 'n algemene verkiesing.
- Die premier is die hoof van die provinsie en die provinsiale wetgewer.
- Ampstermyn is VYF jaar (Enige 3 × 2) (6)

4.2.2
- Enkele van die belangrikste sake waaroor hulle gesag uitoefen, is:
- Landbou
- Kulturele aangeleenthede
- Onderwys, uitsluitend universiteite van tegnologie en universiteite
- Gesondheidsdienste
- Behuising
- Taalbeleid
- Polisie- en beskermingsdienste
- Openbare vervoer
- Toerisme
- Plaaslike regering
- Bespreek en neem wetsontwerpe aan
- Dobbelary (behalwe loterye)
- Omgewing
- Openbare werke
- Streeksbeplanning en ontwikkeling
- Toerisme

- Tradisionele leiers
- Stedelike en landelike ontwikkeling
- Bespreek en neem wetsontwerpe aan
- Besluite word deur middel van stemming geneem.
- Kan sy huishoudelike sake bepaal en beheer.
- Lede het vryheid van spraak en debat onderhewig aan reëls en orde (Enige 5 × 2) (10)

4.3
- Gauteng
- KwaZulu-Natal
- Oos-Kaap
- Wes-Kaap
- Limpopo
- Vrystaat
- Noordwes
- Mpumalanga
- Noord-Kaap (9)

4.4
- Om lede van die uitvoerende raad aan te stel en te ontslaan
- Om uitvoerende vergaderings byeen te roep
- Om provinsiale Wetsontwerpe te bekragtig en te onderteken
- Om 'n Wetsontwerp vir verdere oorweging na die provinsiale wetgewer te verwys
- Om 'n Wetsontwerp na die Konstitusionele Hof te verwys vir 'n beslissing oor die Wetsontwerp se grondwetlikheid
- Om kommissies van ondersoek aan te stel
- Om die provinsiale grondwet goed te keur
- Om provinsiale wetgewing te implementeer
- Stel nasionale wetgewing in werking
- Administreer die provinsie
- Ontwikkel provinsiale beleid en stel dit in werking
- Ontbied die provinsiale wetgewer vir ’n buitengewone vergadering om dringende sake te bespreek
- Ontbind die provinsiale wetgewer en roep 'n verkiesing uit nadat die wetgewer 'n mosie van wantroue in die uitvoerende raad aanvaar het
- Roep 'n referendum van die provinsie uit
- Koördineer die provinsiale administrasie en sy departemente
- Wys bevoegdhede en funksies aan die uitvoerende raad toe
- Stel lede van die uitvoerende raad aan of ontslaan hulle (Enige 6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 **OPENBARE INSTELLINGS**

- Deur die regering bestuur.
- In die openbare sektor aangetref.
- Bestaan om die algemene welstand van die mense te verbeter.
- Aanspreeklik teenoor landsburgers omdat hulle belasting-pligtiges se geld gebruik
- Voorsiening van noodsaaklike dienste (Enige DRIE)

PRIVATE INSTELLINGS

- In ondernemings in private besit uitgevoer
- In die private sektor aangetref
- Bestaan om wins te maak
- Nie aanspreeklik teenoor landsburgers nie omdat hulle hul eie geld gebruik om die onderneming te vestig.
- Betrokke by vervaardiging en handeldryf in produkte en dienste (Enige DRIE)

(3 × 2) (6)

5.1.2

- Beleidmaking
- Organisering
- Finansies
- Personeelvoorsiening/ personeelverskaffing en -benutting
- Bepaling van werksmetodes en -prosedures
- Beheer (6)

5.1.3

- Verantwoordelikheid om die fisiese, maatskaplike en administratiewe dienste of openbare dienste te verskaf
- Voorsien in die behoeftes van die burgers.
- Ministers is die politieke hoofde van 'n staatsdepartement en dienste word deur die staatsamptenare uitgevoer.
- Dit is 'n organisatoriese eenheid wat 'n spesifieke groep soortgelyke dienste lewer, byvoorbeeld onderwys deur die Departement van Onderwys.
- Hulle implementeer regeringsbeleide.
- Berei begrotingsvoorstelle voor wat in die nasionale begroting ingesluit moet word. (Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.2 5.2.1

- Mense het die geleentheid om deur middel van gereelde en algemene verkiesings mense te kies en te identifiseer wat hulle parlement toe stuur
- 'n Demokratiese staat volg demokrasie na, wat regering van die mense vir die mense en deur die mense beteken.
- Min mense het die bevoegdheid om besluite te neem wat mense verplig is om te gehoorsaam.
- In 'n demokratiese staat ontvang mense baie regte wat deur wetgewing gewaarborg word.
- Gereelde, vrye en regverdige verkiesings
- Leiers moenie gesag tot hul eie voordeel misbruik nie.
- Demokrasie is gegrond op baie beginsels, soos die oppergesag van die reg, verdeling van die gesag van die staat. (Enige 3 × 2) (6)

5.2.2

- Moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- 18 jaar en ouer
- Geregistreer om te stem
- Moet 'n wettige kiesersdokument besit (ID)
- 'n Permanente inwoner van die land
- 'n Persoon wat 'n kind is van 'n burger voor die inwerkingtreding van die nuwe Grondwet en wat die land binnegekom het om 'n permanente inwoner te word.
- 'n Persoon wat sedert 31 Desember 1978 in die land is.
- Die persoon is nie 'n Suid-Afrikaanse burger nie, maar die Parlement het die reg om te stem aan hom/haar verleen.
- Nie onderhewig aan enige diskwalifikasie vervat in die wet nie

(Enige 6 × 1) (6)

5.2.3

- Afgekorte name van alle geregistreerde partye
- Teken of simbool van elke party in kleur
- Foto van die leier van die party (3 × 2) (6)

5.2.4

- Gee die burgers van die land 'n geleentheid om hul leiers elke 5 jaar te verkies.
- As die meerderheid van die burgers nie tevrede met hul regering is nie, kan hulle die meerderheidsparty uitstem.
- Die party wat die volgende verkiesing wen, sal dan die meerderheidsparty word en 'n nuwe regering saamstel.
- Verskillende politieke ampsdraers word gekies op grond van verkiesingsresultate, en die burgers kan hierby baat omdat hulle nuwe idees kan opper en hul behoeftes kan bevredig. (2 × 2) (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1
- Die kind se eerste kontak met welsynsdienste vind binne die gesin plaas, waar bejaardes, siekes en hulpelose kinders versorg word.
- Die gesin is die kind se eerste kontak met die stelsel van beskerming, waar die gesin sy lede en eiendom beskerm.
- Die gesin dien as 'n eerste statussimbool, aangesien hy/sy tot 'n groep met 'n kulturele en sosiale agtergrond behoort.
- Die kinders sal nie slegs ouerlike sorg, hulp, ondersteuning en emosionele sekerheid ontvang nie, maar sal ook vaardighede aanleer sodat hulle in die gemeenskap kan funksioneer.
- Die kind leer om interpersoonlike verhoudings te ontwikkel wat sal bepaal of die wêreld vriendelik of vyandig is.
- Die ouer stel die kind bekend aan 'n verskeidenheid groepe in die omgewing en die kenmerke van elk van hierdie groepe.
- Die kind word geleer om sy/haar medemens lief te hê, en sy/haar persoonlike behoeftes tot voordeel van die groep te versaak.
- Die kind word bekendgestel aan sosiale beperkings, soos aanvaarbare gedragsnorme, verdraagsaamheidgrense ten opsigte van wat reg en verkeerd is, morele standaarde en houding.
- Die gesin berei hom/haar voor om verantwoordelikhede in die gemeenskap te aanvaar. (Enige 3 × 2) (6)

6.2
- As hulle burgerskap van 'n ander land bekom
- Deur middel van afstanddoening – deur politieke asiel van 'n ander land
- Deur middel van superannuasie
- Deur middel van ontvreemding: Deur die Minister (4)

6.3
- Verseker dat nasionale en provinsiale beleide op plaaslike vlak afgedwing word
- Regering naaste aan die mense om hul behoeftes te verstaan
- Om demokratiese en verantwoordbare bestuur vir plaaslike gemeenskappe te lewer
- Om die voorsiening van dienste aan gemeenskappe te verseker
- Om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder
- Om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder.
- Om die betrokkenheid van gemeenskappe in aangeleenthede van plaaslike regering aan te moedig (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.4
- Bepaal die status, bevoegdhede en funksies van nasionale of provinsiale liggame wanneer daar 'n dispuut is.
- Bepaal of 'n Wetsontwerp voor die Parlement of provinsiale wetgewer grondwetlik is
- Bepaal of 'n wet van die Parlement of 'n provinsiale wet grondwetlik is.
- Bepaal of wysigings aan die Grondwet grondwetlik is.
- Bepaal of 'n ander hof korrek was toe dit bevind het dat die gedrag van die President ongrondwetlik was.
- Bepaal of die werksaamhede van die Parlement grondwetlik is.
- Bepaal of 'n provinsiale grondwet of wysigings aan 'n provinsiale grondwet grondwetlik is.
- 'n Saak moet deur minstens 11 regters aangehoor word.
- Die hof hoor nie getuienis aan nie of ondervra nie getuies nie.
- Dit handel gewoonlik op grond van skriftelike argumente wat daaraan voorgelê word. Die werk van die Hof bestaan grotendeels uit die lees en ontleding van dokumente en voorbereiding van uitsprake. (Enige 3 × 2) (6)

6.5
- Uitvoerende komitee of bestuurskomitee
- Munisipale departemente
- Ander ampsdraers in die plaaslike regering (Enige 2 × 1) (2)

6.6
- Die Munisipale Raad vaardig verordeninge uit, mits dit ooreenstem met nasionale of provinsiale wetgewing.
- Skryf prosedures voor om belastings te hef en in te vorder.
- Skryf voor hoe munisipale inkomste bestee sal word om die nodige dienste te lewer om die welstand van alle burgers te handhaaf.
- Verseker dat nasionale en provinsiale beleide op plaaslike vlak afgedwing word.
- Munisipaliteite het die reg om op eie inisiatief te regeer, onderhewig aan nasionale en provinsiale wetgewing en die Grondwet.
- Die munisipale raad vaardig verordeninge oor verskillende aangeleenthede uit. Hierdie sake hou byvoorbeeld verband met toerisme, vullisverwydering, gesondheidsdienste, stormwaterdreinering en ander sake.
- 'n Munisipale raad kan op sy eie werkswyse besluit deur komitees daar te stel, hoewel besluite deur 'n volle raad geneem moet word. (6 × 2) (12)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou